



# JAKARANDA e-KAMP



## VAKANSIE UITDAGINGS

Kursus / Aktiwiteit: e-Ekosorg

Voltooi die aktiwiteite / oefeninge / of soek die inligting. Hulp kan verkry word. Versprei dit oor die tydperk en doen eerder meer as die minimum. Indien daar iets is wat nie moontlik is in jou omstandighede nie, doen iets anders waartoe jy wel toegang het. Jy kan foto's neem terwyl jy besig is met die aktiwiteite en aanstuur vir ons, [Jakarandakamp@gmail.com](mailto:Jakarandakamp@gmail.com), om op FB te laai. Bo alles – GENIET DIT!

Gebruik die Ekosorg aanhangsels om sommige aktiwiteite af te handel. Daar is drie.

DAG 1 Doen die Bybelskattejag	DAG 2 Gaan kyk na die verskillende Natuurstreke in ons land en hulle plantegroei. Kyk hoeveel kan jy onthou.	DAG 3 Kyk op n kaart van Suid-Afrika, identifiseer al ons Nasionale Parke.	DAG 4 Natuurskattejag, gaan kyk in jou tuin of jy alles kan kry.	DAG 5 Vind uit en dui aan watter spesies is: Bedreigd, Beskermd, Uitgestorwe en Nie-bedreigd.
DAG 6 Doen bietjie navorsing oor die Jagluiperd, en voltooi die blokkiesraaisel.	DAG 7 Vind al die woorde in die Woordeskattejag.	DAG 8 Gedragkode in die veld is baie belangrik. Loer weer 'n bietjie na die reëls. Kyk hoeveel kan jy onthou en opnoem.	DAG 9 Ons almal ken die Groot 5, maar weet jy watter diere is almal in die groot 5. Kyk of jy dit op Google kan kry.	DAG 10 Bou jou eie ekologiese piramide. Kry so 10 leë toiletrolletjies plak prente van diere en plante op die rolletjie, net een plant of dier per rolletjie, bou nou jou piramide, wat gebeur as jy een rolletjie uit jou piramide haal?
DAG 11 Bou jou eie pizzaboks-oond Jy het nodig: Pizzaboks, tinfolie, swart papier, kleefplastiek, liniaal, gom, kleeflint, mes of skêr, marie koekies, malvalekkers, sjokolade, koerant en sonskyn.	DAG 12 Stap 'n bietjie deur jou tuin. Maak n lys van watter soort plante, bome, diere en insekte daar voorkom. Kyk of jy n voedselketting daaruit kan saamstel.	DAG 13 Bou jou eie voedselketting, jy het die volgende nodig. 2 A4 papiere wat in reepe geskeur is, plak nou op elke reep een van die organismes wat jy in jou voedselketting het, moenie van die son vergeet nie, maak nou n ketting wat opmekaar volg, wat gaan gebeur as jou ketting breek of een van die organismes val weg? Bespreek jou voedselketting met jou huismense.	DAG 14 Kyk of jy enige film wat gaan oor die natuur kan kry op "You Tube" My gunsteling is "Die Wit leeus van die Kruger." Kyk die film.	DAG 15 Ekosorg vs Egosorg. Waaroor dink jy gaan dit? Bespreek dit met jou huismense.
DAG 16 Speel vandag Voortrekker Veld Bingo.	DAG 17 Herwinning: Maak n plakaat om mense bewus te maak van herwinning.	DAG 18 Vertel vir jou huismense wat jy alles geleer het by E- Ekosorg, Vertel ook vir ons, ons wil graag van jou hoor.	DAG 19	DAG 20

**Veels geluk!! Jy het die e-Ekosorg (gr 5) - aktiwiteit van Jakaranda Voortrekkerkamp 2020 se e-kamp suksesvol voltooi!**  
**Ons hoop jy het pret gehad en ook iets geleer.**